VPU

VAAL POSDUIF UNIE GRONDWET

INLEIDING

Aangesien die Vaal Posduif Unie (hierna verwys na as die Unie) waarby verskeie Posduif Klubs geaffilieer is, van voornemens is om die bestaande Grondwet te herroep, te vervang en te wysig met 'n nuwe Grondwet, word die hierna vermelde rëels, terme en voorwaardes verhef en verklaar tot die Unie Grondwet. (Voorgestel op Algemene Jaarsvergadering gehou op 18 Februarie 2010)

1. HERROEPING

Die bestaande Grondwet van die Unie word hiermee herroep en hierdie Grondwet word in die plek daarvan gestel en word van krag op die datum waarop die Bestuur die inwerkingtrede hiervan bepaal. Sake wat reeds afgehandel is asook sake wat nie afgehandel is op die datum waarop hierdie Grondwet in werking tree, word geag as gedoen ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Grondwet.

Enige rëels en bepalings gemaak ingevolge die Grondwet wat herroep word, sal in so ver as wat dit nie strydig met die bepalings van hierdie Grondwet is nie, beskou word as gemaak te wees ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Grondwet.

2. REGSPERSOONLIKHEID

Die Unie is ‘n regspersoon met handelsbevoegdheid om regsgedinge in te stel en/of te verdedig in enige bevoegde hof.

3. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Unie is:

3.1 Om die duiwesport in die algemeen uit te bou en te bevorder.
3.2 Om wedvlugte te reël, te beheer en te kontroleer.
3.3 Om wetgewing te bevorder of om die regering, provinsiale of plaaslike administratiewe liggame te nader in verband met sake wat die duiwesport direk of indirek raak.

4. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

‘n Wysiging, opskorting of byvoeging van die bepalings van hierdie Grondwet is onderhewig aan:

4.1 Dat ten minste een maand skriftelike kennis aan die Unie-Sekretaris gegee word waarin vermeld word die presiese bepalings van enige voorgestelde wysiging, opskorting of byvoeging tot die Grondwet.

4.2 Dat ten minste 14 dae skriftelike kennis aan die lede van die Unie-Bestuur gegee word waarin vermeld word die presiese bepalings van enige voorgestelde wysiging, opskorting of byvoeging tot die Grondwet.

4.3 Dat sodanige voorgestelde wysiging, opskorting of byvoeging goedgekeur word deur 75% van al die lede van die Unie Bestuur.

4.4 Die Grondwet sal nie vir enige geringe wysiging hersien word nie, maar die voorsitters van al die geaffilieerde klubs sal by wyse van die notule van die Algemene Jaarvergadering van enige wysiging in kennis gestel word. Die voorsitters van elke klub moet die lede van enige wysigings in kennis stel en moet ten alle tye ń opgedateerde afskrif van die Grondwet beskikbaar hê.

4.5 ń Afskrif van die Grondwet sal beskikbaar gestel word op die webtuiste van die Unie (www.vaalpigeonunion.webs.com). ‘n Afskrif van die Grondwet kan ook by die Unie–Sekretaris bestel word.

5. ORGANISASIE

Die Unie word op die volgende basis georganiseer:

5.1 ń Unie Bestuur soos saamgestel onder die opskrif “Unie-Bestuur”

5.2 Unie-Bestuurskomitee soos saamgestel onder die opskrif “Unie-Bestuurskomitee”

5.3 Geaffilieerde klub soos bepaal onder die opskrif “Geaffilieerde Liggame”

5.4 Klub-Bestuur soos bepaal onder die opskrif “Klub-Bestuur”

5.5 Lede soos bepaal onder die opskrif “Lidmaatskap”

6. UNIE-BESTUUR

Die Unie-Bestuur bestaan uit twee verteenwoordigers uit elke klub wat jaarliks op die klub se Algemene Jaarvergadering verkies of aangewys word (Voorsitter en Ondervoorsitter)

6.1 Die Algemene Jaarvergadering van die Unie-Bestuur sal jaarliks voor die einde van Maart gehou word by sodanige plek en tyd soos deur die dienende Voorsitter bepaal.

6.2 Die Unie-Bestuur sal by sodanige vergadering ń Voorsitter, Ondervoorsitter en beamptes vir die onderskeie poste verkies wat die Unie-Bestuurskomitee sal uitmaak.

6.3 Benewens die verkiesing van die ampsdraers sal oorweging aan die volgende sake gegee word.

6.3.1 Die oorweging van alle sake deur die Unie-Bestuurskomitee verwys vir bespreking en beslissing.

6.3.2 Die finalisering van die wedvlugroete en wedvlugprogram vir die seisoen soos voorgelê deur die Unie-Bestuurskomitee nadat genoemde komitee alle skriftelike voorstelle van die onderskeie klubs oorweeg is.

6.3.3 Die bespreking en goedkeuring van alle balansstate, ouditeursverslae of finansiele state wat ter tafel gelê word.

6.3.4 Die oorweging en goedkeuring om enige roerende of onroerende eiendom vir die Unie te koop, te huur of te bekom.

6.3.5 Die oorweging en goedkeuring om enige eiendom of bates van die Unie te verkoop of te verhandel.

6.3.6 Die oorweging en goedkeuring om enige fondse van die Unie uit te leen, te belê, te skenk of te spandeer, onderworpe aan sodanige bepalings en voorwaardes en vir sulke doeleindes as wat van tyd tot tyd nodig geag mag word om die belange en doelstellings van die Unie te bevorder.

6.3.7 Die oorweging en besluitneming, indien dit raadsaam geag word, om sodanige stappe te neem om die Unie te affilieer of in te skakel by enige ander wedvlugduif-organisasie.

7. DIE BESTUURSKOMITEE

7.1 Die Voorsitter

Die Voorsitter is verantwoordelik vir alle aktiwiteite van die Unie volgens die voorskrifte gestel in die Grondwet. Die Voorsitter kan opdragte delegeer, wat ook deur hom beheer sal word en sal te alle tye optree tot bevordering van die belange van die Unie. Die Voorsitter en in sy afwesigheid die Ondervoorsitter, tree op as Voorsittende Beampte by alle vergaderings van die Unie-Bestuur of Unie-Bestuurskomitee.

7.2 Die Ondervoorsitter

Die Ondervoorsitter moet homself op hoogte hou met al die aktiwiteite van die Unie sodat hy die Voorsitter met raad en advies kan bedien, asook om waar te neem as Voorsitter indien daartoe versoek of in die afwesigheid van die Voorsitter.

7.3 Die Sekretaris

Die Sekretaris se pligte behels die volgende:

7.3.1 Die uitstuur van kennisgewing van vergaderings wat belê word.

7.3.2 Die byhou van notules van vergaderings.

7.3.3 Die ontvangs van alle korrespondensie wat aan die Unie gerig word.

7.3.4 ń Afskrif van die Grondwet op datum te hou.

7.3.5 Die uitvoering van alle pligte soos deur die Bestuur aan hom opgelê.

7.4 Die Tesourier

Die Tesourier se pligte behels die volgende:

7.4.1 Die behoorlike boekhouding van die Unie se finansies.

7.4.2 Die invordering van Uniegelde (skuld).

7.4.3 Die vereffening van Unierekenings.

7.4.4 Die invordering en inbetaling van prysgelde.

7.4.5 Die voorbereiding van finansiële state wat op n maandelikse basis voorgelê moet word indien daartoe versoek.

7.5 Die Wedvlugsekretaris

Die wedvlugsekretaris se pligte behels die volgende:

7.5.1 Is verantwoordelik vir die berekening van alle wedvlugdistansies.

7.5.2 Die ontvangs van inskrywingsvorms en uitslae vanaf die onderskeie klubs.

7.5.3 Die verwerking van die unie uitslae, die bekendmaking en publikasie van die finale uitslae (uitslae op webtuiste te pos).

7.5.4 Om by gesamentlike byeenkomste die nodige kontrole uit te oefen.

7.5.5 Om, na oorlegpleging met die vervoersekretaris, die loslating van die duiwe op wedvlugpunte te beheer.

7.6 Die Ringbeampte

Die Ringbeampte se pligte behels die volgende:

7.6.1 Om behoorlike kontrole oor die voorraad van die Unie te hou.

7.6.2 Die bestel en verkoop van voorraad aan die onderkeie klubs.

7.6.3 Die oorbetaling aan die Tesourier van alle gelde namens die Unie gevorder.

7.6.4 Om verdwaalde duiwe aan eienaars te rapporteer op die volgende wyse:
Oorspronklike duifeienaar te voorsien van al die inligting bekom vanaf die rapporterende persoon (Telefoon nommer, adres ens) tesame met die besonderhede van die verdwaalde duif.

7.7 Die Vervoersekretaris

Die Vervoersekretaris is vir die volgende verantwoordelik:

7.7.1 Moet toesien dat die Unie se vragmotor/leunwa altyd in ń goeie toestand is.

7.7.2 Dat die op– en aflaai van die wedvlugmandjies by die verskillende klubs op ń behoorlike wyse geskied.

7.7.3 Dat daar voldoende duiwekos asook water op die vragmotor is wanneer inkorwing geskied.

7.7.4 Om na oorlegpleging met die wedvlugsekretaris, die loslating van die duiwe op wedvlugpunte te beheer.

7.7.5 Om te reël dat die onderskeie klubs in kennis gestel word indien die loslatingspunt of loslatingstye verander of van afgewyk gaan word.

7.8 Publisiteitsbeampte

7.8.1 Die Publisiteitsbeampte is verantwoordelik om alle publisiteit namens die Unie te hanteer en om die nodige reëlings te tref vir die publikasie van algemene nuus in die plaaslike en internasionale pers (bv. SA en wêreld Duiwe Nuus).

7.8.2 Die webtuiste in stand en op datum hou.

7.8.3 Unie se prysuidelings en gesamentlike inkorwings as funksionaris op te tree en daarooreenkomstig die reëlings te tref en te kontroleer.

8. UNIE-BESTUURSKOMITEE: VERGADERINGS

8.1 Ten minste twee dae kennis moet gegee word van ń Unie-Bestuurskomitee vergadering wat belê word.

8.2 Die eerste vergadering van die Unie-Bestuurskomitee sal gehou word na afhandeling van die Algemene Jaarvergadering by die plek en tyd soos deur die voorsitter bepaal.

8.3 Die kworum op enige vergadering van die Unie-Bestuurskomitee sal driekwart (¾) van die lede van sodanige komitee wees.

8.4 Alle besluite of voorstelle by vergaderings van die Unie-Bestuurskomitee sal met ń blote meerderheid van stemme deur lede teenwoordig, aanvaar word.

8.5 Indien enige lid of lede van die Unie-Bestuurskomitee nie in staat is of weier om ń vergadering van die komitee by te woon, kan die oorblywende lede ń lid ko-opteer.

8.6 Indien die Unie-Bestuur van ń derde party gebruik maak om enige bestuurspos te vul, moet sodanige persoon die vergaderings van die Unie-Bestuurskomitee bywoon om verslag te doen, indien dit versoek word.

8.7 By die afwesigheid van beide die Voorsitter en Ondervoorsitter, kies die oorblywende lede van die Unie-Bestuurskomitee uit hul geledere ń lid om as voorsitter op die vergadering te dien.

8.8 Die Unie-Bestuurskomitee moet ten minste elke twee maande vergader.

9. UNIE-BESTUURSKOMITEE: BEVOEGDHEDE

9.1 ń Voorlopige wedvlugprogram vir elke seisoen moet opgestel word wat die volle besonderhede van die loslatingspunte, inkorwingstye, vervoerkostes en inskrywingsgelde vervat. Die opgestelde wedvlugprogram moet vir goedkeuring aan die Unie-Bestuur voorgelê word. Die goedgekeurde program moet ten minste 14 dae voor die eerste wedvlug aan al die lede beskikbaar gestel word.

9.2 Om vir ń tydperk of vir die oorblywende gedeelte van ń jaar, mededingende lede van die Unie te ko-opteer in tydelike of permanente vakatures wat as gevolg van die afwesigheid, siektes of bedanking ontstaan het.

9.3 Grense vir die doeleindes van Unie-wedvlugte te bepaal en vas te stel en aan die Unie-Bestuur vir bekragtiging voor te lê.

9.4 Die beslissing van enige klub, sy ampsdraers, die dagbestuur of uitvoerende komitee te hersien, te bekragtig, te wysig of tersyde te stel.

9.5 Enige aangeleentheid, saak, appél of hersienning terug na die betrokke klub te verwys sodat die saak her-open of her-verhoor kan word.

9.6 Om enige roerende of vaste eiendom, insluitende obligasies, effekte en aandele te koop en te verkoop, te huur, te wissel, oor te plaas of te ontvang en om die fondse van die in

Staat of Munisipale effekte, hetsy op vaste deposito of in spaarrekenings in banke of soortgelyke instellings (geldmarkte) te belê.

9.7 Om by wyse van resolusie die Voorsitter of die Ondervoorsitter, die Sekretaris of die Tesourier te magtig om namens die Unie alle volmagte, kontrakte of ander aktes of dokumente wat onderteken moet word te onderteken en om wisselbriewe, tjeks en ander verhandelbare dokumente in verband met die Unie se sake te trek, te aanvaar, te endosseer, uit te maak en te verkry.

9.8 Om in die algemeen met die eiendom of fondse van die Unie te handel tot voordeel en uitbreiding van die Unie se doelstellings.

9.9 Om jaarliks die lede en/of vervoergelde vas te stel. Spesiale heffings kan in die loop van die seisoen (jaar) ingestel word indien die uitgawes die inkomste oorskry bv. brandstofpryse buitensporig verhoog word.

9.10 Om van tyd tot tyd bedrae uit fondse van die Unie te bewillig vir uitbetaling as honorarium of bonusse aan die ampsdraers.

9.11 Jaarliks ouditeurs aan te stel om ouditeursverslae voor te berei wat op die Algemene Jaarsvergadering vir goedkeuring voorgelê word.

9.12 Om enige magte en bevoegdhede te delegeer aan ’n Dagbestuur wat saamgestel is uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en twee verkose lede van die Unie-Bestuurskomitee. Daar moet by die volgende vergadering van die Unie-Bestuurskomitee verslag gedoen word oor enige handeling wat die Dagbestuur uitgevoer het kragtens magte wat aldus gedelegeer is.

9.13 Om vergaderings van enige klub by te woon, om klubs te besoek wanneer inkorwing plaasvind, kloklesings te neem ten einde te verseker dat die bepalings van hierdie Grondwet nagekom word. Hierdie bevoegdheid mag gedelegeer word aan enige lid of lede van die Unie-Bestuurskomitee.

9.14 Indien nodig te versoek dat ’n Spesiale Algemene Vergadering belê word.

9.15 Enige persoon/e as werknemer/s of beampte/s namens die Unie aan te stel, sodanige persoon/e se vergoeding/s te bepaal en om sy of haar dienste na goeddenke te be-ëindig.

9.16 Om te handel en op te tree in enige geval waar daar nie in hierdie Grondwet voorsiening voor gemaak is nie, mits sodanige optrede nie strydig met die doelstellings van die Unie is nie.

9.17 Om toe te sien dat die nodige gedoen moet word om te verseker dat die Unie sy affiliasie by SANPO behou word.

9.18 Om die Unie met enige organisasie, met die doel om die belange van die wedvlugsport te bevorder, te affilieer. Sodanige besluit moet deur die Unie-Bestuur bekragtig word.

9.19 Om die grense van die Unie van tyd tot tyd vas te stel, te skuif of in te kort.

10. TUG-KOMITEE

10.1 Die tugkomitee is saamgestel uit:

- Die Voorsitter, Ondervoorsitter en een lid benoem uit die Unie-Bestuurskomitee en die drie maak ’n kworum uit. By die onttrekking of nie beskikbaarheid van enige van die voorgenoemde drie lede, het die Unie-Bestuurskomitee die magte om enige vakature vanuit hul geledere te vul.

10.2 Die magte van die tugkomitee behels die ondersoek van ’n klag(tes) teen ’n lid/ lede, die stel van aanklagte teen sodanige lid/lede, die maak van ’n beslissing en om enige klub of lid/lede tereg te wys, te beboet, tydelik of permanent te skors na skuldigbevinding aan:

a) Opsetlike verbreking van die bepalings van hierdie Grondwet of enige reël daarkragtens gemaak of;
b) Gedrag wat afbreuk doen aan die belange of goeie naam van die Unie of;
c) Die harmonie by ’n klub of lede te versteur of;
d) Optrede wat die dissiplinêre kode verbreek of;
e) Nalaat om binne ’n maand die boete wat opgelê is, aan die Unie te betaal.

10.3 Appél kan aangeteken word by die Unie-Bestuurskomitee teen enige beslissing of bevel van die tugkomitee op voorwaarde:

- Dat skriftelike kennisgewing van appél, die Sekretaris van die Unie binne 14 dae na die beslissing of bevel waarteen geappelleer word, bereik.

10.4 Die Unie-Bestuurskomitee is by magte om enige beslissing of bevel van die tugkomitee te bekragtig, te wysig of ter syde te stel.

11. GEAFFILIEERDE LIGGAME (KLUBS)

Die Unie bestaan uit 10 geaffilieerde klubs:

a) Emerald Posduif Klub (EMPK)
b) Emfuleni Posduif Klub (EPK)
c) Heilbron Posduif Klub (HPK)
d) Koppies Elite Posduif Klub (KEPK)
e) Playfair Posduif Klub (PLPK)

f) Midvaal Wedvlug Duiwe Klub (MWK)
g) Overvaal Posduif Klub (OPK)
h) Parys Posduif Klub (PPK)
i) Sasolburg Posduif Klub (SPK)
j) Vanderbijlpark Posduif Klub (VAPK)

12. KLUB-BESTUUR

Elke klub word op die volgende basis georganiseer:

12.1 ’n Algemene Jaarvergadering word belê. ’n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Tesourier, Wedvlugsekretaris, Publikasiebeampte en enige ander lede as wat nodig mag wees, word by sodanige vergadering gekies (aangestel).

12.2 Die dienstermyn van die bestuur verstryk by die volgende Algemene Jaarvergadering wat deur die klub belê word.

12.3 Elke lid wat verkies is om op die Unie-Bestuur te dien is ampshalwe ’n lid van die Klub-Bestuur.

12.4 Die bepalings van reël 8.4 is *mutatis mutandis* op elke klub van toepassing.

12.5 Die magte van die bestuur van elke klub is onderworpe aan die bepalings van hierdie Grondwet.

12.6 Indien ‘n lid/lede bedank, moet die unie skriftelik binne sewe dae in kennis gestel word.

13. LIDMAATSKAP

13.1 Elke bestaande lid moet jaarliks ’n her-aansoek om lidmaatskap tot die Unie (op die voorgeskrewe vorm) by sy of haar klub indien. Sodanige aansoek sal na die Unie-Bestuurskomitee vir beslissing verwys word. Alle her-aansoeke deur lede ingedien word as goedgekeur geag behalwe indien ‘n beswaar teen die her-aansoek van ‘n lid by die Unie ingedien is. Sodanige lid se lidmaatskap word tydelik opgeskort tot tyd en wyl die beswaar deur die Unie-Bestuurskomitee oorweeg en ‘n beslissing gemaak is.

13.2 Enige persoon wat verlang om lidmaatskap by die Unie te verkry, moet die voorgeskrewe aansoekvorm by die Sekretaris van die klub waarby hy/sy van voornemens is

om aan te sluit, bekom, voltooi en indien. Sodanige aansoek sal na die Unie-Bestuurskomitee vir oorweging verwys word.

13.3 ’n Klub aanvaar geen aansoek om lidmaatskap van enige persoon wat ’n lid van enige ander wedvlugorganisasie of klub was, indien sodanige aansoeker nalaat om ’n sertifikaat in te dien om te bewys dat hy sodanige organisasie of klub eervol en vrywillig verlaat het.

14. JEUGLEDE

14.1 Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar word as ’n jeuglid beskou en moet onder die status van ’n jeuglid aan wedvlugte deelneem.

14.2 Jeuglede word toegelaat om aan wedvlugte deel te neem teen betaling van bedrae soos van tyd tot tyd deur SANPO en die Unie-Bestuurskomitee bepaal. Jeuglede mag egter nie vir enige prysgeld meeding nie.

14.3 ’n Jeuglid kom nie in aanmerking vir benoeming of verkiesing tot lid van die Unie-Bestuurskomitee nie.

14.4 Die getal duiwe wat ’n jeuglid mag vlieg is vyf (5) vir enkelwedvlugte en drie (3) elk vir dubbelwedvlugte. Die duiwe wat op sy naam geregistreer is, mag vir die duur van die seisoen nie op iemand anders se naam geregistreer of her-registreer word nie.

15. DEEL HOKKE

15.1 Waar twee persone van dieselfde klub van voornemens is om uit een hok, maar deur elk gebruik te maak van sy eie klok, te vlieg, moet sodanige besluit voor die aanvang van die vliegseisoen verklaar word.

15.2 Elk van die twee persone is vir volle lidmaatskapgelde van die Unie sowel as SANPO verantwoordelik.

15.3 Elk is vir die volle vervoergelde verantwoordelik.

16. VENNOOTSKAPPE

16.1 Waar ’n hok in vennootskap besit en beheer word, word die vennootskap as ’n enkel-lid beskou. Enkel-jaarlikse ledegeld is aan die Unie en SANPO betaalbaar en is die vennootskap vir die volle vervoergelde verantwoordelik.

16.2 Enige dissiplinêre sanksie sal afdwingbaar wees teen beide en/of al die lede van die vennootskap.

17. ERE LIDMAATSKAP

17.1 Die Unie-Bestuurskomitee mag jaarliks ere-lidmaatskap vir nie langer as een jaar, aan enige lid of persoon of organisasie wat voortreflike diens aan die Unie of die duiwesport gelewer het, toeken.

17.2 Ere-lidmaatskap wat ingevolge reël 17.1 toegeken is, mag jaarliks vir ’n periode van ’n jaar verleng word.

18. UNIE FINANSIES

18.1 Die finansiele jaar van die Unie (en die klubs) strek vanaf 1 Maart van enige jaar tot die 28ste of 29ste Februarie van die daaropvolgende jaar, soos die geval mag wees.

18.2 Die Unie-Bestuurskomitee hou behoorlik boek of laat behoorlik boekhou van die sake van die Unie. Die boekhouding en rekeninge van die Unie word so gou as moontlik na afsluiting van elke finansiele jaar, gebalanseer en geouditeur. Die ouditeursverslag word met die Algemene Jaarvergadering vir oorweging en goedkeuring voorgelê.

18.3 Elke lid betaal jaarliks lidmaatskapfooie, die bedrag wat jaarliks deur die Unie-Bestuurskomitee vasgestel word.

18.4 Die lidmaatskapfooie is jaarliks op 10 Januarie verskuldig en betaalbaar. Sodanige gelde moet tot krediet van die Unie oorbetaal word. (Vergesel van ’n skriftelike aan – of heraansoek)

18.5 Enige klub aan wie die lidmaatskapgelde betaal is, moet binne 14 dae die gelde aan die Unie-Tesourier oorbetaal en hom terselfdertyd voorsien met ’n lys (in duplikaat) met die name, adresse en telefoonnommers van die lede wat hul lidmaatskapgelde betaal het.

18.6 Alle transaksies met die Unie moet per tjek/of per direkte bank inbetaling vereffen word.

18.7 Alle aankope by die Unie moet onmiddelik betaal word. Die Ringbeampte van die Unie sal nie ’n klub met enige goedere voorsien, voordat betaling daarvoor ontvang is nie.

18.8 Enige geldelike tekort wat gedurende die wedvlugseisoen mag ontstaan, word deur middel van ’n pro-rata heffing deur elke lid betaal en sodanige betaling geskied op sodanige wyse en binne sodanige tydperk soos deur die Unie-Bestuurskomitee bepaal mag word.

18.9 Enige klub wat op die betaaldatum in gebreke is met betaling van enige gelde aan die Unie verskuldig, sal tot tyd en wyl sodanige skuld vereffen is, nie geregtig wees om aan

enige verdere wedvlugte deel te neem nie. Die Unie-Sekretaris sal die Sekretaris van die betrokke klub skriftelik, per epos of telefonies van die posisie in kennis stel.

18.10 Elke klub moet toesien dat behoorlik boekgehou word van sy sake, wat van tyd tot tyd geouditeer word, en sodaige boekhouding moet te alle tye op versoek deur die Unie-Bestuurskomitee vir inspeksie beskikbaar wees.

18.11 Indien ’n lid in gebreke bly om sy jaarlikse ledegelde van die Unie op die vasgestelde datum te betaal, word sodanige lid nie toegelaat by die Algemene Jaarvergadering van enige klub nie, verloor hy sy stemreg en mag sodanige lid nie genomineer of verkies word in enige pos van die Bestuur van die klub nie. Metaalringe (identifikasieringe) mag ook nie aan sodanige lid voorsien word nie en mag sodanige lid ook nie aan enige wedvlugte deelneem nie totdat hy/sy die agterstallige ledegelde ten volle op-betaal het.

18.12 Enige nuwe – of heraansoek om lidmaatskap tot ’n klub of die Unie mag slegs oorweeg word indien die aansoeker geen uitstaande skulde het ten opsigte van die klub of Unie nie.

18.13 Enige lid wat sy lidmaatskap tot ’n klub of Unie be-eindig, bly aanspreeklik vir enige gelde verskuldig aan ’n klub of die Unie.

18.14 Geen lid wat gelikwideer, gesekwestreer of onder kuratorskap geplaas is, mag met die Unie of ‘n Klub enige skuld aangaan van watter aard ook al. So ‘n lid moet al sy transakies met die Unie of ‘n Klub op ‘n kontant basis hanteer. (geen tjeks, EFT ens.)

19. DUIWE WAT AAN WEDVLUGTE MAG DEELNEEM

19.1 Die getal duiwe wat deur ’n lid per wedvlug ingeskryf mag word sal van tyd tot tyd deur die Unie-Bestuurskomitee vasgestel word.

19.2 Elke duif wat vir ’n wedvlug ingeskryf word moet met ’n amptelike registrasie-ring van die Unie gering wees of ’n registrasie-ring wat deur die Unie aanvaar word. Slegs ZA ringe mag deelneem in Suid Afrika aan wedvlugte.

19.3 Alle duiwe wat deur ’n lid vir ’n wedvlug ingeskryf word, moet sodanige lid se bona fide eiendom wees.

19.4 Derbywedvlug: Slegs duiwe wat gering is met amptelike derbyringe wat deur die Unie vir daardie doel uitgereik is of ringe wat amptelik by die Unie as derbyringe geregistreer is en in die naam van die lid geregistreer is, kwalifiseer vir prysgeld van die derbywedvlug. Vanaf 2015 seisoen mag slegs duiwe wat met ringe soos hierbo gemeld vir die derbywedvlug ingeskryf word en aan die derbywedvlug deelneem.

19.5 ’n Nuwe lid kan vir die Derby prysgeld kwalifiseer, indien hy/sy met die eerste aand van inkorwing sy volle reeks ringe as derbyringe registreer en dit ooreenkomstig betaal.

19.6 Die Derbywedvlug vir jaaroud duiwe sal oor ’n afstand van ongeveer 550km plaasvind en slegs duiwe wat vir daardie spesifieke jaar geteël is (2012 vlieg in 2013 seisoen), sal toegelaat word om in die Derby sowel as die Jaaroud Kampioenskap deel te neem.

19.7 ’n Prestige – Derbywedvlug sal jaarliks deur die Unie aangebied word. Dieselfde reëls geld behalwe dat die prys per ring en die uitreikings datum van tyd tot tyd deur die Unie-Bestuurskomitee bepaal sal word. Indien ’n lid ’n minimum van 5 Prestige Derbyringe koop, sal 5 gratis ringe aan die lid deur die Unie verskaf word en is die lid geregtig om ’n verdere 10 ringe te koop. Op geen stadium mag ’n lid meer as 20 van bogenoemde ringe vir ’n spesifieke jaartal bekom nie en mag bogenoemde ringe net van sy eie hok (hok koördinaat) af deelneem.

19.8 Jongduiwe: Jongduiwe wat met ringe gering is wat deur die Unie uitgereik is en in die eienaar se naam geregistreer is, kwalifiseer om aan die jongduif wedvlugte deel te neem.

19.9 Indien ’n lid ringe gebruik het wat deur ’n ander organisasie uitgereik is, moet ’n sertifikaat van daardie organisasie bekom word waarin die datum van uitreiking gemeld word. Indien die datum van uitreiking vroeër is as die datum waarop die Unie se ringe uitgereik is, kwalifiseer so ’n duif nie as ’n jaaroud nie.

19.10 ’n Duif mag in die jaar van sy geboorte aan wedvlugte deelneem, uitgesonder die Derby-Wedvlug en die Jaaroud-Kampioenskappe. (2012 Geringde duif kan eers in 2013 aan die Derby en Jaaroud Kampioenskap deelneem)

20. METAAL RINGE

20.1 Metaal ringe bevat die letters soos vasgestel deur die Unie-Bestuurskomitee gevolg deur die jaar van uitreiking en reeksnommers.

20.2 Geen ringe mag deur die Klub aan enige lid uitgereik word alvorens al die jaarlikse ledegelde wat deur die lid aan die Unie of enige sodanige Klub betaalbaar is, ten volle betaal is nie en geen uitgereikte ringe mag van die hand gesit of andersins verkoop word aan enige persoon wat nie ‘n lid van die Unie is nie, tensy skriftelik deur die Unie-Bestuurskomitee goedgekeur.

20.3 Geen ringe mag deur die Ringbeampte aan enige Klub op skuld voorsien word nie.

20.4 Die uitreikingsdatum van metaalringe is die 1ste Januarie van elke jaar, of soos deur die Unie-Bestuurskomitee bepaal.

20.5 Geen Klub of lid is geregtig om metaalringe wat gekoop is terug te gee en terugbetaling daarvoor te ontvang nie, tensy dit skriftelik deur die Unie-Bestuurskomitee goedgekeur is.

20.6 Metaalringe wat deur die Unie aan ‘n klub uitgereik word, moet by sodanige klub geregistreer word. ‘n Ringregister moet deur die klub bygehou word wat duidelik aantoon watter ringe aan sy onderskeie lede uitgereik is.

20.7 Alle duiwe wat aan wedvlugte deelneem moet ‘n ongeskonde metaalring aan hê. Enige ring wat beskadig is, diskwalifiseer die duif om aan enige wedvlug deel te neem.

21. WEDVLUG INSKRYWINGSVORMS

21.1 Elke lid sal voor die aanvang van elke wedvlugseisoen ‘n registrasielys inhandig van al die duiwe wat hy/sy van voornemens is om vir wedvlugte in te skryf. Hierdie registrasielys sal nie later as die 1ste inkorwingsaand aan die Sekretaris van sy klub oorhandig word nie.

21.2 Hierdie registrasielyste moet aan die Wedvlug-Sekretaris van die Unie oorhandig word, wat na ontvangserkenning die lyste vir rekord doeleindes moet bewaar.

21.3 Aanvullende registrasielyste mag gedurende die seisoen ingehandig word en by indiening van ‘n registrasielys verklaar die lid by implikasie dat hy/sy die bona-fide eienaar is van die duiwe wat se besonderhede op die registrasielys verskyn.

21.4 Alle lede moet van aanvaarbare inskrywingsvorms gebruik maak wat vir duplikaat inskrywings voorsiening maak.

Amptelike of Nie-Amptelike (selfontwikkelde) Inskrywingsvorms mag gebruik word maar moet die volgende data bevat:

a) Wedvlugpunt.
b) Wedvlugnaam (Jaaroud).
c) Identifikasie Ringnommer, letters en jaartal, kleur en geslag van spesifieke duif wat gaan deelneem aan spesifieke wedvlug.
d) Die volgende woorde of woorde met die selfde effek moet daarop verskyn: *Ondergetekende verklaar hiermee dat die duiwe hierbo genoem sy uitsluitlike eiendom is.*

21.5 Die inskrywingsvorm moet volledig en korrek ingevul word met vermelding van die naam van die klub, die lid se naam en wedvlugpunt. Die vorm moet na voltooiing deur die lid of sy gevolmagtigde geteken word.

21.6 Foutiewe of weggelate ringbesonderhede van duiwe sal sodanige duiwe vir die betrokke wedvlug diskwalifiseer.

21.7 Na inkorwing maar voor die aanvang van die spesifieke wedvlug moet al die oorspronklike wedvlug inkorwingslyste van elke klub aan die Klub-Wedvlugsekretaris oorhandig word wat op sy beurt die inkorwingslyste in n geseëlde koevert sal plaas en sodanige stappe sal neem om genoemde inkorwingslyste aan die Unie-Wedvlugsekretaris te lewer.

21.8 Duplikaat inskrywingsvorms en ringstrokies van die ruberringe wat uitgereik is vir die ring van ‘n lid se duiwe word in ‘n aparte koevert verseël en in veilige bewaring gehou, totdat die klok van die lid gelees word. Die wyse van veilige bewaring moet deur die Bestuurskomitee van die Unie goedgekeur word.

21.9 By die gebruik van elektroniese klubstelsels moet sodanige klubstelsels in die klubhuis se kluis toegesluit word. (Indien ‘n ander alternatief getref word, moet dit aan die Unie-Bestuurskomitee vir goedkeuring voorgelê word bv. elektroniese klub sleutels word deur Wedvlugsekretaris in veilige bewaring gehou).

22. INKORWING

22.1 Voordat duiwe vir ‘n wedvlug ingekorf word, moet die groot loslatingsdeur van die wedvlugmandjies op twee plekke met ‘n nommerseël verseël word. Na inkorwing en voordat die mandjies die inkorwingslokaal verlaat, moet die ingangsklap van die mandjie ook met ‘n nommerseël geseël word.

22.2 Voor inkorwing plaasvind, moet alle duiwe wat in die wedvlug gaan deelneem binne ‘n geallokeerde plek in die klubhuis geplaas word. Inkorwing van duiwe mag nie begin alvorens daar ten minste vier deelnemende lede (nie familie lede) teenwoordig is nie.

22.3 Alle duiwe wat aan die wedvlugte deelneem, moet gering word met ‘n rubberring wat deur die Unie aan sy klubs voorsien en goedgekeur is. Waar elektroniese klokke gebruik word, moet die duiwe erkende elektroniese-ringe aanhê. Slegs SG “Read & Write”ringe wat deur ‘n maatskappy (soos deur SANPO goedgekeur) vervaardig is, mag gebruik word.

22.4 Rubberringe: Voordat ‘n lid se duiwe vir inkorwing gering word, moet die benodigde aantal rubberringe met ringstrokies vir die betrokke duiwe op so ‘n wyse gehou word dat die lid nie toegang daartoe het nie.

22.5 Daar mag onder geen omstandighede aan ‘n voorgeskrewe rubber- of elektroniese ring gepeuter of op enige wyse ‘n verandering aangebring word nie.

22.6 Elke lid kan sy eie duiwe inkorf, mits die lid se hande en arms tot bo sy elmboë kaal is en die lid nie ‘n horlosie, ringe, verband, pleister of enige ander voorwerp aan sy arm, hande

of vingers tydens die inkorwingsprosedure dra nie. Waar ‘n elektroniese klok gebruik word, plaas die lid sy hande op die sensors (sonder ‘n duif) ten einde te bewys dat geen registrasie plaasvind nie. Die prosedure moet voor elke inkorwing van alternatiewe duiwespanne herhaal word.

22.7 ‘n Duif mag slegs met een erkende (voorgeskrewe) identifikasiering gering word.

22.8 Lees van ring besonderhede: Geen lid en of sy vennote mag die nommers van sy eie duiwe uitlees by die aanbring van die rubberringe nie. Die volle besonderhede wat op die duif se identifikasiering voorkom, moet gelees word.

22.9 ‘n Lid mag ‘n ander lid identifiseer en nomineer om hom te help om sy duiwe in te korf. Alle veiligheidsmaatrëels is dan ook op geidentifiseerde en genomineerde lid van toepassing.

22.10 Die mandjiebeamptes moet toesien dat alle duiwe behoorlik met rubberringe en/of elektroniese ringe gering is voordat die duiwe in die toegekende mandjie geplaas word (onder andere seker maak dat daar nie met die rubberring of die elektroniese ring gepeuter of gemodifiseer is nie).

22.11 Na afloop van inkorwing moet inkorwingslyste gedruk word, wat bevestig watter duiwe aan watter wedvlug deelneem. Sodanige lys moet behoorlik onderteken word (twee handtekeninge) en moet vir kontrole doeleindes by die Klub-Wedvlugsekretaris ingedien word.

22.12 Geen duiwe mag om watter rede ook al uit ‘n toegekende wedvlugmandjie gehaal of verwyder word sonder die Wedvlug-Sekretaris of sy genomineerde se goedkeuring en toesig nie.

22.13 Vanaf inkorwing, totdat die wedvlug mandjies op die vervoertrok gelaai is, moet ten minste twee mededingende lede toesig oor die mandjies hou.

22.14 Indien dit voor die aanvang van ‘n wedvlug tot die kennis kom van die wedvlugsekretaris of ‘n lid dat die betrokke lid per abuis meer duiwe as die toegelate aantal duiwe vir ‘n spesifieke wedvlug ingeskryf het kan die lid besluit watter duif of duiwe van die inskrywingslys geskrap moet word. Die wedvlugsekretaris en twee (2) onafhanklike getuies moet by die regstelling op die inskrywingslys teken. Indien die fout, hierbo na verwys, na die aanvang van die wedvlug besef word, sal die laaste duif of duiwe op die inskrywingslys outomaties gediskwalifiseer word.

23. KLOK REëLS: MEGANIESE KLOKKE

23.1 Slegs klokke wat vooraf deur die Unie-Bestuur goedgekeur is, mag gebruik word. Slegs die volgende klokke word toegelaat. (Die lys mag van tyd tot tyd deur die bestuur aangevul word)

Benzing Nr.2 La Le Doise Benzing Comatic	Benzing Nr. 4 Junior Nr. 2 18 van 25 duiwe	Benzing Nr. 5 Junior Nr. 4 Benzing Diploma	Benzing Quarts Toulet Super Time Controlled Computerised	Benzing Diploma STB

23.2 Slegs die volgende klokke mag sonder doppies gebruik word;

Benzing Nr. 4 La Le Doise Gewone Drom	Benzing Nr. 5	Benzing Quarts Benzing Paloma	Benzing Comatic Time Controlled Computerised	Junior Model 4 STB met outomatiesero m

23.3 Elke klub sal 'n klokkomitee aanstel, wat bestaan uit ten minste 3 lede. Die name, adresse en telefoon nommers van die benoemde lede, sal voor die aanvang van enige wedvlugreeks (seisoen) skriftelik aan die Wedvlug-Sekretaris voorsien word.

23.4 Enige lid wat aan wedvlugte wil deelneem, moet sy klok in behoorlike werkende toestand, 14 dae voor die aanvang van die eerste wedvlug, aan die klokkomitee van sy klub (hierna die klokkomitee genoem) oorhandig.

23.5 Die klok moet nagesien, opgewen, verseël en aan die gang gesit word op dieselfde manier, soos vir 'n wedvlug.

23.6 Nadat klokke goedgekeur is, mag geen klok uit die bewaring van die klokkomitee verwyder word, tensy dit met die amptelike seël van die klub verseël is.

23.7 Enige klok wat na die klokkomitee terug gebring word en wat nie behoorlik verseël is nie, sal gediskwalifiseer word.

23.8 Slegs die klokkomitee mag 'n seël breek of 'n nuwe voorsien. Dit is egter die plig van die eienaar van die klok om te verseker dat die klok geseël is wanneer dit verwyder word en dat dit geseël bly totdat dit weer, vir welke rede ook al, aan die klokkomitee oorhandig word.

23.9 Elke lid is verantwoordelik vir die instel van sy eie klok.

23.10 As 'n klok gestel word, moet die klokrol deur twee lede van die klokkomitee onderteken word nadat die wedvlugpunt, die lid se naam, die nommer van die klok, die datum van inlui en wedvlugdatum aangebring is.

23.11 Klokke moet op die GPS (wat deur die Unie voorgeskryf en goedgekeur is) in-en uit-geslaan word. Klokke mag op die uur, kwart- of half uur in-en uit-geslaan word.

23.12 Nadat die klokke ingeslaan is, moet ‘n kontroleslag binne 3 minute uitgevoer word. Die kontroleslag mag nie met meer as 2 sekondes van die tyd waarop die instruksie vir die uitvoering van die kontroleslag gegee was, verskil nie. Die tyd vir die kontrole sal binne die toelaatbare 3 minute geskied, maar mag nie vooraf bepaal word nie, en moet van tyd tot tyd wissel.

23.13 Na die kontroleslag moet die nommer van die gaatjie waarin die eerste rubberring gesit sal word, in die klokboek aangeteken word. Indien die aangetekende gaatjie by oopmaak van die klok leeg is, moet die tyd op die klokrol wat met die betrokke gaatjie ooreenstem, gekanselleer word. Elke klokstrook moet die voorgeskrewe twee drukgate toon.

23.14 Voordat’n klok uit die besit van die klokkomitee verwyder word, moet die eienaar en/ of gebruiker van die klok homself tevrede stel dat die bepalings wat op die klok van toepassing is, nagekom is.

23.15 ‘n Lid van die klokkomitee, Bestuurskomitee of ‘n genomineerde van gemelde komitees, is geregtig om ‘n geseëlde klok te enige tyd te ondersoek en ‘n tydslag uit te voer. Indien ‘n defek gevind word, moet opgetree word op enige wyse wat behoorlik geag word.

23.16 Rubberringe moet in die voorgeskrewe doppies, soos deur die vervaardiger van die betrokke klok voorgeskryf, geplaas word. Wanneer die lid van die klokkomitee die rubberringe verwyder, moet hy homself tevrede stel dat die korrekte doppie gebruik is. Hierdie bepaling is nie van toepassing op klokke wat vervaardig vir gebruik sonder doppies nie en wat vooraf deur die Bestuurskomitee goedgekeur is.

23.17 Twee of meer rubberringe mag in ‘n doppie of kassie van die klokdrom geplaas word. Waar meer as een ring gesamentlik geklok word, word die eerste ring wat uitgehaal word, geag die eerste duif te wees wat geklok is.

23.18 By die oopmaak van die klok sal alle ringe wat nie behoorlik in ‘n doppie of kassie van die klokdrom is nie, maar “gesleep” is of uitgespring het, nie aanvaar nie. Indien ‘n rubberring egter “gesleep” is en in ‘n ander kassie beland, sal daardie gaatjie se tyd geneem word as die kloktyd van die spesifieke duif.

23.19 Met uitlui, voordat die klokke oopgemaak word, moet al die lede se klokke in die teenwoordigheid van minstens vier mededingende lede (nie familie lede) op ‘n GPS in (wat deur die Unie goedgekeur is) geslaan (gestrike) word. ‘n Kontroleslag moet daarna binne 3 minute geneem word alvorens die seëls gebreek mag word.

23.20 n Klok wat nie op die voorgeskrewe wyse uitgelui is nie, word outomaties gediskwalifiseer.

23.21 Enige klokrol wat gehawend is of as gevolg van ‘n foutiewe afdruk (horlosie oor mekaar gedruk) nie gelees kan word nie of wat twyfel laat, sal na die Unie Wedvlug-Sekretaris verwys word wie se beslissing finaal is.

23.22 Die reeks en kontrolenommer op die rubberringe moet met die van die ringstrokie en die op die inskrywingsvorm aangeteken en vergelyk word. Die gaatjie nommer van die drom waaruit die rubberring gehaal is, moet met ‘n pen op die rubberring en die ringstrokie aangeteken word. Die nommer op die binnekant van die rubberring moet met die nommer op die binnekant van die ringstrokie vergelyk word. As die nommers ooreenstem, moet dit so aangeteken word.

23.23 Alle rubberringe met hul ooreenstemmende ringstrokies, klokrolle en inskrywingsvorms van die duiwe wat in die uitslae verskyn, moet gelewer word aan die Unie-Wedvlugsekretaris, nie later as die voormiddag van die eerste werksdag wat volg op die dag waarop die wedvlug gesluit is. Sou die Unie-Bestuurskomitee dit verlang, moet sommige van, of al die voormelde dokumente ter tafel gelê word. Hierdie dokumente moet in veilige bewaring deur die Unie-Wedvlugsekretaris tot die 31ste Desember van elke seisoen gehou word, waarna dit vernietig mag word.

23.24 Elke klub sal hul seëltange en seëls, ten einde misbruik daarvan te voorkom, te alle tye in veilige bewaring hou (kluis). Versuim om hierdie reël na te kom, stel die Klub bloot aan diskwalifikasie en/of skorsing.

24. ELEKTRONIESE STELSELS: RINGDATA

24.1 Die Elektroniese ringdata stelsel wat deur die Unie-Bestuur goedgekeur is, sowel as SANPO, mag in die plek van die tradisionele meganiese rubberringe gebruik word.

24.2 Alle fabrikate van Elektroniese Klokke wat deur Unie lede gebruik word, moet deur die Unie (SANPO) goedgekeur word. Die Unie het die reg om enige Elektroniese Data Stelsel te enige tyd te onttrek.

24.3 Dit is nie die Unie of die Klub se verantwoordelikheid om ‘n Elektroniese Data Stelsel aan lede beskikbaar te stel nie. Dit is die Klub se verantwoordelikheid om toe te sien dat stelsels op die korrekte en veilige manier gebruik word.

24.4 Geen klub het die reg om enige Elektroniese Ring Data Stelsel te weier wat deur die Unie (SANPO) goedgekeur is nie, indien wel moet so ‘n aansoek skriftelik aan die Unie-Bestuur gerig word wat op sy beurt dit aan SANPO sal voorlê vir oorweging.

24.5 Alleenlik Elektroniese ringe wat deur SANPO goedgekeur is en wat deur die goedgekeurde agent verskaf word, mag gebruik word.

24.6 Alle klokke, toebehore en ringe moet slegs volgens vervaardigers instruksies gebruik word.

24.7 Die volgende Elektroniese Ring Data Stelsels is aanvaarbaar:

24.7.1 TauRis Ruter EPV – sisteme GmbH, minden
Series: 5 x of latere uitgawes
Wedvlug sensor: ES2 of latere uitgawes

24.7.2 UNIKON Deister Electronic GmbH
Series: 1.9, 2.0 of latere uitgawes
Wedvlug sensor: 2.0 of latere uitgawes

24.7.3 TIEPES Diehl ident GmbH
Series: 3.0 of latere uitgawes
Wedvlug sensor: ESA 400 of latere uitgawes

24.7.4 ATIS TOP/ EXPRESS / M1 en G2 Benzing technische Uhm GmbH.

24.7.5 BRICON system with latest SANPO approved software (SA10).

24.7.6 VICTORY system.

24.8 Die eienaar van ‘n Elektroniese Ring Data Stelsel is geregtig om die inkorwingsantenna (Klub-Stelsel) en kontrole-stelsel sowel as sagteware te koop, te bekom en te besit.

24.9 Inkorwing Stelsel (Klub-Stelsel) sagteware en sleutels (key controls) moet deur die klub se Wedvlug-Sekretaris beveilig en bewaar word tot en met die afloop van die wedvlug (by uitlui beskikbaar stel).

24.10 Die registrasie paneel (antenna) moet binne die ingangspunt in die hok geplaas word sodat die duif onder beheer is wanneer dit geklok (geregistreer) word. Traps moet volgens die vervaardiger se spesifikasie geïnstalleer word. Die paneel / e moet vasgeheg word sodat dit nie rondgeskuif kan word nie. Die punt waar die duif registreer, moet minstens 100mm binne in die hok wees. Los panele by die invlieg “fly-in” gang is dus nie aanvaarbaar nie.

24.11 As die Elektroniese Ring Data Stelsel deel uitmaak van die antenna mag dit op die alleenstaande sisteem gevlieg word (stand alone system) indien goedgekeur deur die Unie.

24.12 As die tyd en datum op die kontrolestelsel foutief ingedruk is bv. 18H00 i.p.v. 19H00, moet dit onder die aandag van die Wedvlug-Sekretaris gebring en aangeteken word sodat dit by uitlui in berekening gebring kan word. (Dit is belangrik om hierdie prosedure te volg

aangesien die klokstelsel nie herprogrameer kan word nadat die eerste duif “gedip” of geskandeer is nie.

24.13 Indien die inligting op die elektronies ringstelsel (klok) korrup, uitgewis of enige veranderinge tussen inkorwing en uitlui plaasgevind het, kan die Wedvlug-Sekretaris, op versoek van die eienaar die stelsel na die betrokke vervaardiger stuur in ‘n poging om die data te herwin. (Die “Read & Write”data sisteem geld)

24.14 Indien die vervaardiger daarin slaag om die data te herwin, en die korrektheid binne 7 dae bevestig, kan die data deur die Unie- en Klub-Wedvlugsekretaris in aanmerking geneem word.

24.15 Indien bovermelde prosedure nie gevolg is nie, word die stelsel gediskwalifiseer.

24.16 Die eienaar van die stelsel is verantwoordelik vir alle finansiele kostes, indien die prosedure soos hierbo gemeld, gevolg word.

24.17 Enige elektroniese klokstelsel kan te enige tyd deur die Klok-komitee van die klub of Unie nagegaan word.

24.18 ‘n Foutiewe klub-of elektroniese klokstelsel kan deur die Klok-komitee van die klub of Unie op beslag gelê word en na die betrokke vervaardiger vir ondersoek gestuur word. Indien die vervaardiger bevind dat die stelsel foutief is, sal die eienaar van die stelsel vir die finansiele kostes verantwoordelik gehou word.

24.19 ‘n Volledige gesertifiseerde uitdruk van die duiwe wat op die elektroniese klok geregistreer is, moet in tweevoud, met eerste inkorwing, aan die klub se Wedvlug-Sekretaris oorhandig word wat op sy beurt een afskrif aan die Unie se Wedvlug-Sekretaris sal voorlê. Dieselfde prosedure moet gevolg word indien enige veranderings gedurende die seisoen aangebring word.

24.20 Na sluiting van elke wedvlug (uitlui) is dit die klub se Wedvlug-Sekretaris se verantwoordelikheid om ‘n uitdruk van die opgeneemde data te verwerk en aan die Unie se Wedvlug-Sekretaris te besorg.

24.21 Appél teen wedvluguitslae moet binne 7 dae na die bekendmaking van die uitslae by die lid se Klub-Sekretaris ingedien word.

25. REëLS VIR VERSORGING EN LOSLATING VAN WEDVLUGDUIWE

Die Unie stel die volgende standaarde wat betrekking het op:

a) Die vervoer en versorging van die wedvlugduiwe en
b) Die loslating van die duiwe op wedvlugpunt.

25.1 Alle duiwe wat vir wedvlugte ingeskryf word, sal op die eienaar se risiko vervoer word.

25.2 Die Unie sal nie vir enige beserings of verlies van wedvlugduiwe, om watter rede ookal, verantwoordelik gehou word nie.

25.3.1 Indien die duiwe vir ‘n wedvlug op Vrydagaande ingekorf word en die wedvlug nie 400 kilometers oorskry nie, is dit nie noodsaaklik dat kos en water voor loslating verskaf word nie.

25.3.2 Nieteenstaande die bepalings van reël 25.3.1 moet voldoende kos en water op die voertuig beskikbaar wees indien omstandighede so verander dat loslating nie kan plaasvind nie en dit noodsaaklik word dat kos en water verskaf moet word.

25.4 Indien die duiwe vir ‘n wedvlug op ‘n Donderdagaand ingekorf word en die wedvlug 400 kilometer oorskry, moet die duiwe twee keer per dag van water voorsien word. Die Unie-Wedvlug Sekretaris sal bepaal wanneer kos ook aan die duiwe voorsien moet word.

25.5 Geen duiwe mag losgelaat word in mis, reën of sneeu nie.

25.6 Geen duiwe mag losgelaat word as die sig nie goed is nie.

25.7 Geen duiwe mag losgelaat word voor 15 minute na sonop nie.

25.8 Geen duiwe mag losgelaat word naby elektriese drade of ander obstruksies wat die duiwe by loslating kan beseer of ‘n regverdige loslating kan beinvloed nie.

25.9 Geen duiwe mag op hoofweë en / of ander paaie in die verkeer losgelaat word nie.

25.10 Geen duiwe mag binne ‘n radius van 50 kilometer vanaf ‘n lughawe losgelaat word nie.

25.11 ‘n Wedvlugpunt en loslatingstyd kan na oorlegpleging tussen die Unie-Wedvlugsekretaris en Vervoersekretaris, gewysig word indien omstandighede so verander het dat dit wenslik is. (bv. Veranderde weersomstandighede)

26. ONTSNAPPING VAN WEDVLUGDUIWE

26.1 Die vragmotorbestuurders en alle lede is verplig om die Vervoerbeampte se aandag daarop te vestig indien daar enige mandjie (s) is wat beskadig is en ongeskik geag word vir die vervoer van die duiwe na die wedvlugpunte.

26.2 Wanneer die vragmotorbestuurder tydens die vervoer van die duiwe of op die loslatingspunt vasstel dat ‘n mandjie beskadig is of nie geseël nie, moet hy die Wedvlug-Sekretaris en Vervoerbeampte onmiddelik daarvan in kennis stel. Indien daar mandjies is wat sodanig beskadig is dat vermoed word dat van die duiwe uitgekom het, moet hy die nommer(s) van die mandjie(s) aanteken en die oorblywende aantal duiwe in die bepaalde mandjie(s) tel (nie uithaal of hanteer nie). n Verslag moet aan die Unie se Wedvlug-Sekretaris en Vervoerbeampte by tuiskoms ingedien word.

26.3 Die Wedvlug-Sekretaris en Vervoerbeampte moet die verslag gemeld in reël 26.2 oorweeg en besluit of daar duiwe tydens die vervoer of by loslatingspunt uit ‘n bepaalde wedvlugmandjie(s) ontsnap het. Indien wel, moet die Unie-Voorsitter dienooreenkomstig ingelig word en sal al die duiwe wat in die betrokke mandjie(s) vir die wedvlug geplaas was, gediskwalifiseer word.

26.3.1 Indien ‘n rekord van die oorblywende duiwe in die mandjie(s) opgestel kan word deur ‘n persoon wat deur die Unie Wedvlug-Sekretaris en Vervoerbeampte aangewys word en rekord as korrek bevestig kan word, word die bepaalde duiwe saam met die res van die duiwe losgelaat, en die sodanige duiwe word nie vir die spesifieke wedvlug gediskwalifiseer nie.

26.4 Alle duiwe wat by loslatings om een of ander rede nie kan vlieg nie, moet deur die vragmotorbestuurder(s) terug geneem word na die vervoerbeampte waar die duif dan aan die eienaar terug besorg moet word.

26.5 Die Unie bied afsonderlik twee wedvlugte aan naamlik Jaaroud en Ope Duiwe. As ‘n reël sal die Jaaroud’s eerste losgelaat word en 60 minute (1 uur) later die Ope Duiwe. Indien twee wedvlugte van watter aard ookal aangebied word sal die bo-staande reël ook geld (die tussenpose tydperk (1 uur) kan deur Unie Voorsitter van tyd tot tyd verander word).

27. HOKMATES (KOöRDINATE) EN SPOEDBEREKENING

27.1 Aansoek: Aansoeke vir afstande moet deur die lid se betrokke klub aan die Unie gerig word.

27.2 Indien ‘n lid se hok meer as 20 meter geskuif word, moet hy opnuut vir die afstande aansoek doen.

27.3 Aanvaarde afstande: Voorgeskrewe GPS soos deur die Unie bepaal, moet vir hierdie doel gebruik word. Die Wedvlug-Sekretaris moet hierdie koördinate (afstande) in die teenwoordigheid van die hok-eienaar bepaal en beide moet dit per handtekening as korrek en juis sertifiseer. Die kostes verbonde sal van tyd tot tyd deur die Unie Bestuurskomitee vas gestel word.

27.4 Elke wedvlug sal volgens die stelsel van spoedberekening, ‘n reguit afstand en die tyd wat tussen die loslatingstyd en die inkloktyd verloop het, minus die nagure waar van toepassing, bereken word. Die wenduif sal die duif wees wat die hoogste getal meters per minuut afgelê het. Die daaropvolgende plekke word op dieselfde wyse bereken.

27.5 Klokafwykings moet in berekening gebring word wanneer die tyd bepaal word. Geen toegewing mag gemaak word indien ‘n klok meer as 2,5 sekondes per uur wen nie. Indien ‘n klok meer as 2,5 sekondes per uur verloor, moet twee maal die verlore tyd bygetel word wanneer die klokafwyking bereken word.

27.6 ‘n Wedvlug sal sluit in ooreenstemming met die afstand afgelê en die inkloktyd van die wenduif waarby die getal ure soos hieronder vermeld, bygetel word.

i. Tot 700km – 12 uur (uitsluitende nagure)
ii. 701 tot 1000km – 24 ure (uitsluitende nagure)
iii. Meer as 1000km – 48 ure (uitsluitende nagure)

27.7 ‘n Wedvlug sluit sodra die eerste duif se spoed minder as 450 meters per minuut beloop. So ‘n wedvlug word gekanselleer en nietig verklaar.

27.8 ‘n Wedvlug sal slegs na ‘n besluit van die Unie se Bestuurskomitee gekanselleer word. Die Unie sal nie verantwoordelik wees vir enige terugbetalings nie.

28. NAGURE

28.1 Geen duiwe tuis op die dag van die wedvlug

Indien daar op die dag van die loslating geen duiwe ingeklok word nie, is die nagure die tydperk tussen 30 minute na sononder en 15 minute voor sonop. Indien een of meer duiwe vroeër as 15 minute voor sonop die volgende dag ingeklok word, word sodanige duiwe se inkloktyd as 15 minute voor sonop bereken.

28.2 Duiwe tuis op die dag van die wedvlug

Die wedvlug sluit 30 minute na sononder en open 15 minute voor sonop die volgende dag. Indien daar duiwe na 30 minute na sonsonder ingeklok word, word sodanige duiwe se inklokstyd as 15 minute voor sonop bereken.

29. KONTROLERING VAN WENDUIF

In alle wedvlugte moet die wenduif van elke klub so gou as moontlik deur 'n genomineerde mededingende lid kontroleer word (uit gegooi word). Die ring besonderhede en die kleur van die duif aan hom getoon, moet aan die klub terug gerapporteer word. Die wenduif moet ook nie minder as twintig meters vanaf die betrokke lid se hok losgelaat word nie, om vas te stel of dit na die hok terugkeer ('n vorm vir die doel moet voltooi word en op rekord gehou word).

30. DISSIPLINERE KODE

30.1 Dit is die beleid van die Unie om orde ten opsigte van sy aktiwiteite te handhaaf deur 'n klimaat te skep wat bevorderlik is vir die beoefening van die duiwewedvlugsport, sportmanne en vrouens .

30.2 Dit is voorts dan die voorneme van die Unie om sodanige optrede en gedrag by lede aan te moedig, wat betaamlik opbouend en algemeen aanvaarbaar vir al sy lede is.

30.3 Verder het hierdie kode ten doel om sodanige gedrag van lede wat onvanpas is, uit te wys, aan te spreek en binne die raamwerk van natuurlike geregtigheid, dissiplinêre aksie in te stel teen lede wat nie aan normes en standaarde van orderlike en betaamlike optrede voldoen nie.

30.4 Die Unie het 'n positiewe benadering tot dissiplinering en elke lid word aangemoedig om binne die aanvaarbare norme op te tree.

30.5 Die Unie volg dus nie ‘n strafbenadering ten opsigte van dissipline nie, maar wil elke lid wat in staat is tot aanvaarbare gedrag aanmoedig om homself / haarself op ‘n korrekte wyse te gedra en op te tree.

30.6 Die sleutel van hierdie kode:

30.6.1 Om te verseker dat lede van die Unie mekaar onderling met wedersydse respek behandel.

30.6.2 Lede teen arbitrere optrede te beskerm.

30.6.3 Bevredigende gedrag en optrede van lede te vereis.

30.7 Die kode sal dien as riglyn vir die Unie om billike en gelyke behandeling van alle lede te verseker.

30.8 Die kode moedig tydige optrede aan en in geval van ‘n lid wie se gedrag of optrede onbevredigend of onaanvaarbaar blyk te wees.

31. BEGINSELS VAN DIE DISSIPLINERE KODE

31.1 Die kode sal op gelyke wyse ten opsigte van alle lede van die Unie toegepas word.

31.2 Dit is elke lid se verantwoordelikheid om dissipline, goeie orde en aanvaarbare betaamlike gedrag te handhaaf.

31.3 ‘n Lid teen wie daar ingevolge hierdie kode opgetree word, sal ten alle tye:

31.3.1 Van die aanklag teen hom/haar skriftelik in kennis gestel word.

31.3.2 Binne ‘n redelike tydperk gedissiplineer word.

31.3.3 Teenwoordig wees by die verhoor en geregtig wees om aangehoor te word.

31.3.4 Tydens die ondersoek die reg te hê om verteenwoordig te word.

31.3.5 Die reg hê om getuies te roep.

31.3.6 Enige getuie wat geroep word, te kruisondervra.

31.3.7 Reg hê tot toegang van enige getuienis, bewysstukke of dergelike relevante inligting.

31.3.8 Indien ‘n bevinding van skuldig uitgebring word, sal die gedissiplineerde lid tyd gegun word om getuienis ter versagting aan te bied waarna ‘n sanksie opgelê word.

31.3.9 Tydig, maar nie langer as sewe dae na die verhoor, skriftelik in kennis gestel word van die paneel se sanksie wat opgelê is.

31.3.10 Die gedissiplineerde lid sal ingelig word van sy reg tot appél na die Unie (Sewe dae).

32. OORTREDING/S

32.1 Dit sal onmoontlik wees om alle moontlike vorms van oortredings te lys en derhalwe sal gesteun word op dit wat as onaanvaarbare en onredelike optrede geag word, gemeet aan die heersende of gebruiksgevestigde norme en standaarde vir optrede van lede van die Unie. As sodanige sal elke oortreding wat onaanvaarbare gedrag daarstel ingevolge die dissiplinere proses geidentifiseer en hanteer word.

32.1.1 Meer as een beweerde oortreding kan in dieselfde verhoor hanteer word.

32.1.2 Oortredings mag gekombineer word vir die doel van dissiplinêre optredes.

32.2 Dissiplinêre besluite word geneem met behoorlike oorweging van vorige soortgelyke oortredings waarvan die waarskuwings periode nog nie verval het nie, sowel as die algemene dissiplinêre rekord van die betrokke gedissiplineerde lid. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die gedissiplineerde lid se dissiplinêre rekord oorweeg word in die besluit oor die mees gepaste dissiplinêre sanksie wat geneem moet word nadat ‘n lid aan die oortreding skuldig bevind is.

32.3 Die volgende verteenwoordig ‘n lys van oortredings wat oor die algemeen binne die lid tot lid verhouding geidentifiseer kan word. Dit moet egter nie as volledig beskou word nie (Alfa en Omega nie). Oortredings is verder soos volg gekategoriseer ter wille van maklike verwysing;

32.3.1 Onordelike / Onreëlmatige gedrag (Krutaal / harmonie versteur).

32.3.2 Alkohol / Dwelms.

32.3.3 Oneerlikheid.

32.4.1 ONORDELIKE / ONREëLMATIGE GEDRAG

Die maksimum dissiplinêre sanksie wat toepaslik is ten opsigte van elke kolom behoort as ‘n riglyn gebruik te word en behoort nie outomaties toegepas te word nie. Die aard en omstandighede van elke afsonderlike geval, met inagneming van eie meriete behoort voordat ‘n besluit geneem word, in ag geneem te word.

Geen lid mag hom skuldig maak aan afbrekende kritiek teenoor die Unie, Geaffilieërde liggaam (klub) of lid nie (besoekende lid ingesluit).

Geen lid mag doelbewus die Unie, Geafillieërde liggaam (klub) of lid skade aandoen of berokken nie (sluit Bestuur in).

OORTREDING	NOTE TER VERDUIDELIKING	EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING	DERDE OORTREDING
Ander lede dreig of opstook ten einde deel te neem aan ontwrigting		Finale skriftelike waarskuwing	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap / Tydelik of Permanent
Dreiging om fisies te beseer en aanranding (verbaal)	Fisiese aanranding/aanval deur een party ten opsigte van ‘n ander of deur twee partye teen mekaar. Omstandighede waar selfverdediging ter sprake is, moet in ag geneem word.	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn of permanent	Beëindiging van lidmaatskap	Lewenslange skorsing
Onbeskofte / Onbehoorlike / Minagtende gedrag	Krutaal (Vloek) gebruik teenoor medelede, maak van neerhalende aanmerkings teenoor medelede, uittarting, onbeskoftheid, astrantheid, gebruik van onbehoorlike teken en ander optredes wat hiermee in verband staan.	Skriftelike waarskuwing	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap Tydelik / Permanent

32.4.2 ALKOHOL / DWELMS

Die maksimum dissiplinêre sanksie wat toepaslik is ten opsigte van elke kolom, behoort as riglyn gebruik te word en behoort nie outomaties toegepas te word nie. Die aard en omstandighede van elke afsonderlike geval, met in agneming van eie meriete, behoort voordat ‘n besluit geneem word, in ag geneem te word.

OORTREDING	NOTA TER VERDUIDELIKING	EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING	DERDE OORTREDING
Gebruik van alkohol in ‘n		Mondelikse Waarskuwing	Finale skriftelike waarskuwing	Skorsing vir ‘n bepaalde

gebied, anders as ‘n gebied spesiaal ingeruim vir die gebruik van alkohol			(maar kan uitgesluit word indien die oortreding ernstig is)	termyn en/of permanent
Dermate onder die invloed van alkohol of dwelms verkeer dat lid se optrede ‘n ergenis, aanstoot of weersin is	Waar ‘n lid duidelik dermate onder die invloed van alkohol/dwelms verkeer en waar sy optrede onaangenaam of onsmaaklik deur medelede aanvaar word	Finale skriftelike waarskuwing	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap / Lewenslange Skorsing

32.4.3 ONEERLIKHEID

Die maksimum dissiplinêre sanksie wat toepaslik is ten opsigte van elke kolom, behoort as ‘n riglyn gebruik te word en behoort nie outomaties toegepas te word nie. Die aard en omstandighede van elke afsonderlike geval, met in agneming van eie meriete, behoort voordat ‘n besluit geneem te word.

OORTREDING	EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING	DERDE OORTREDING
Peuter met klokke, wedvlugringe, elektroniese ringe of enige iets wat hiermee in verband staan ten einde die akkurate tydmeting van deelnemende wedvlugduiwe op welke wyse ookal te beinvloed.	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn.	Beëindiging van lidmaatskap Tydelik / Permanent	
Oneerlikheid ten opsigte van oorsprong en/of geslagsregisters van duiwe wat vir veiling aangebied word.	Skriftelike waarskuwing	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap
Duiwe wat bekom word op ‘n wyse wat in stryd is met algemene beginsels van goeie praktyk bv. Steel van duiwe,	Finale skriftelike waarskuwing / Skorsing vir ‘n bepaalde	Beëindiging van lidmaatskap	

sonder om die Unie binne ‘n redelike tyd van die teenwoordigheid van die vreemde duif te verwittig	termyn		
Koop van duiwe, insluitend aankope gedoen op veilings sonder om die ooreengekome koopsom tydig en ten volle te vereffen	Verbod om verder aan wedvlugte deel te neem	Skorsing vir ‘n bepaalde termyn of Beëindiging van lidmaatskap	
Gebruik van enige verbode middels soos geklassifiseer deur die SANPO Grondwet	Beëndiging van lidmaatskap van Unie of enige ander sanksies wat die bestuur mag oplê		Verbied om aan Unie of Klub Veilings deel te neem

33. DISSIPLINêRE PROSEDURE

33.1 Die prosedure bestaan uit twee aksies;

33.1.1 ‘n Ondersoek waartydens feite en bewyse wat van toepassing is op die beweerde oortreding versamel word.

33.1.2 Indien die ondersoek aandui dat die oortreding van so ‘n aard is dat die straf nie ‘n skriftelike waarskuwing of ‘n swaarder straf regverdig nie, word die volgende prosedure gevolg;

33.1.3 BERADING

In gevalle waar die ernstigheidsgraad van die oortreding slegs berading regverdig, moet die Voorsitter van die Unie:

i. Die oortreding onder die lid se aandag bring.
ii. Die redes vir die oortreding bepaal en die lid geleentheid gee om op die bewering te reageer (op die wyse van “Die wat beweer moet bewys”).
iii. Ooreenkoms met die lid bereik ten einde die gedrag te remedieër.

33.1.4 Mondelinge teregwysing: In gevalle waar die ernstigheidsgraad van die oortreding ‘n mondelingse teregwysing regverdig, word sodanige mondelinge teregwysing deur die Voorsitter van die Unie aan die lid meegedeel. Die Voorsitter deel die lid mee dat verdere optrede van sodanige aard mag lei tot ernstiger optrede deur die Unie en word die mondelinge waarskuwing op die rekords van die Unie aangeteken. Waar die Voorstitter nie beskikbaar is vir watter rede ookal kan die Ondervoorsitter of enige Bestuurslid aangewys word om sodanige taak te verrig.

33.1.5 Indien die ondersoek aandui dat die oortreding van ‘n ernstiger aard is waar die gepaste straf met skuldig bevinding minstens ‘n finale skriftelike waarskuwing sal regverdig of waar die lid reeds voorheen ‘n mondelinge waarskuwing vir dieselfde tipe oortreding ontvang het, sal ‘n verhoor gehou word waartydens die beweerde oortreding(s) ge-evalueer word en daar besluit sal word op ‘n gepaste dissiplinêre sanksie (7 dae tyd na verhoor vir uitspraak).

33.2 Waar ‘n lid formeel van ‘n beweerde oortreding aangekla word, word die volgende proses gevolg:

i. Die lid word skriftelik van die beweerde oortreding in kennis gestel.
ii. Die Respondent moet binne 5 dae, nadat hy van die beweerde oortreding in kennis gestel is, skriftelik skuld erken of ontken (skriftelik aanduiding gee).
iii. By erkenning van skuld, word die beweerde wangedrag as bewese beskou en word ‘n paneel deur die Unie aangewys om enige versagtende omstandighede van die Respondent aan te hoor en om ‘n sanksie op te lê.
iv. Die Respondent word binne sewe dae skriftelik van die beslissing, deur die Unie Sekretaris in kennis gestel.
v. Die Respondent behou sy reg tot appél wat vonnis betref soos vervat in die voorgeskrewe appélprosedure. By skuldontkenning deur die Respondent word die volgende prosedure gevolg:

v(i) Die Respondent word 7 dae voor die verhoor skriftelik in kennis gestel van die verhoor, asook die datum, tyd en plek waar die verhoor gehou sal word.

V(ii) Die verhoor word deur ‘n paneel hanteer wat deur die Unie-Bestuur saamgestel word welke paneel uit die lede bestaan soos omskryf in reël 10.1. Die Voorsitter is by magte om ‘n assessor en ‘n addisionele lid van die Unie-Besturskomitee aan te wys wat dan deel uitmaak van die paneel.

33.3 Indien die Respondent vroegtydig van die verhoordatum in kennis gestel is en daar geen aansoek om uitstel is nie, sal die verhoor in sy/haar afwesigheid voortgaan indien die betrokkene nie op die verhoordatum opdaag nie. Die bevinding en uitslag van die paneel sal finaal wees.

34. DIE DOEL VAN DIE VERHOOR

34.1 Om order te handhaaf en te verseker.

34.2 Om alle relevante feite, inligting en bewyse te bekom en te evalueer.

34.3 Om ‘n bevinding ten opsigte van die skuld te maak.

34.4 Om ‘n dissiplinêre sanksie in die geval van skuldig op te lê.

34.5 Om gehoor te gee aan die regte van ‘n Respondent.

35. DIE VERHOOR (WAT MEGANIES OF SKRIFTELIK GENOTULEER MOET WORD)

Die paneel volg die volgende prosedure gedurende die verhoor:

35.1 Die voorsittende beampte verduidelik die aard en doel van die ondersoek en verduidelik die Respondent se regte.

35.2 Die ondersoeker hou aan die Respondent die aanklag voor en spreek die paneel toe op die feite.

35.3 Die Respondent kry ook die geleentheid om die paneel toe te spreek en geskilpunte te identifiseer.

35.4 Die Unie stel sy saak (deur die ondersoeker) en roep getuies indien nodig.

35.5 Die getuies mag deur enige lid van die paneel, insluitend die Respondent of sy verteenwoordiger, ondervra/kruisondervra word.

35.6 Hierna kry die Respondent die geleentheid om sy saak te stel asook om getuies te roep. Die Respondent en sy getuies mag deur die ondersoeker kruisondervra word en lede van die paneel kan ook vrae ter opheldering stel.

35.7 Die ondersoeker kry die geleentheid om die paneel toe te spreek met betrekking tot die skuld van die Respondent, en die Respondent kry ook geleentheid om die paneel toe te spreek met betrekking tot sy onskuld.

35.8 Hierna word die ondersoeker en Respondent tydelik verskoon en kom die paneel tot ‘n gevolgtrekking rakende die Respondent se skuld of onskuld.

35.9 Die voorsittende beampte roep die partye terug in komitee, insluitende die Respondent en deel die uitspraak aan die Respondent mee (skuldig of onskuldig) en verskaf redes waarom tot die gevolgtrekking gekom is.

35.10 Die ondersoeker en die Respondent word die geleentheid gebied vir die aanbied van versagtende of verswarende omstandighede indien ‘n beslissing van skuldig uitgebring is.

35.11 Na aanhoor van die pleitdooi ter verswarende en versagting word die ondersoeker en Respondent tydelik verskoon en besluit die paneel oor die oplegging van ‘n gepaste sanksie.

35.12 Die voorsittende beampte moet na afloop hiervan die sanksie mondelings aan die Respondent en komitee meedeel, maar moet sy sanksie ook voor of op sewe dae na die datum van die verhoor skriftelik op die Respondent laat beteken.

35.13 Die voorsittende beampte vestig ook die Respondent se aandag op sy reg tot appél na SANPO (Streek B Verteenwoordiger).

36. APPéL TEEN BESLUITE OPDRAGTE VAN DIE GEAFFILIEERDE KLUBS EN/OF DIE DISSIPLINêRE KOMITEE

36.1 Indien ‘n lid ontevrede is met ‘n besluit van sy klubkomitee, moet daar eers skriftelik by sy Klubkomitee beswaar daarteen aangeteken word en die klubkomitee die geleentheid gegee word om die saak te oorweeg alvorens daar na die Unie geappélleer kan word.

36.2 Appél na die Unie moet binne veertien (14) dae, vanaf die datum van die beslissing/opdrag van die betrokke Klubkomitee, by die Unie Sekretaris ingedien word en sodanige appélle sal deur die dissiplinêre Ondersoekkomitee hanteer word.

36.3 Daar kan teen die bevindings van die dissiplinêre Ondersoekkomitee na die Unie-Bestuurskomitee geappélleer word op voorwaarde dat;

36.3.1 Die kworum van die Unie-Bestuurskomitee by die aanhoor van die sodanige appél sal wees en meer as die helfte van die lede van die Bestuurskomitee en enige saak sal beslis word deur ‘n meerderheid van stemme.

36.3.2 ‘n Bedrag, soos van tyd tot tyd deur die Unie Bestuurskomitee bepaal, moet met sodanige kennisgewing van appél betaal word.

36.3.3 Sodanige appél ondersteun word deur ‘n skriftelike verslag van die betrokke lid en skriftelike verslae van enige getuies, indien enige, wat die gronde vir appél uiteensit.

36.3.4 Die Unie-Bestuurskomitee het die mag om enige sodanige beslissing of opdrag te bekragtig, te wysig of tersyde te stel en enige beslissing van die Unie-Bestuurskomitee is finaal en bindend.

36.4 So ‘n appél aan die volgende geskeduleerde Unie-Bestuurskomitee vergadering voorgelê sal word en dat die datum van sodanige vergadering aan die betrokke lid op ontvangs van sy/haar kennis van appél voorsien sal word. Die beslissing van die Unie-Bestuurkomitee sal finaal wees.

36.5 Die Unie-Bestuurskomitee mag die appéllant versoek om persoonlik vir ondervraging te verskyn.

36.6 Die Unie-Bestuurskomitee het die mag om na goeddenke te gelas dat die voorgemelde bedrag van R 50 terug betaal of behou word.

36.7 Dit is onreëlmatig om stemme of steun te werf in verband met enige sodanige appél en dit sal die Klub of die betrokke lid blootstel aan skorsing of beëindiging van lidmaatskap soos deur die Unie-Bestuurskomitee na goeddenke besluit.

36.8 Indien enige persoon deelgeneem het aan die verrigtinge of klubvlak wat vir sodanige beslissing of opdrag verantwoordelik is, moet die betrokkene by die aanhoor van die appél onttrek nadat sodanige betrokkene sy saak gestel het.

37. VERBODE MIDDELS

37.1 Alle duiwe wat aan wedvlugte deelneem moet beseringvry en gesond wees en moet nie ‘n onregverdige voordeel bo die ander duiwe hê nie. Geen verbode middels mag dus gebruik word om beserings en pyn te verminder of te onderdruk nie en op sodanige wyse ‘n duif se prestasie te verbeter nie.

37.2 Alle duiwe wat aan wedvlugte deelneem is aan die toetsings-proses soos deur SANPO voorgeskryf, onderworpe. Geen duif kan aan wedvlugte deelneem indien sodanige duif nie aan toetsing onderwerp kan word nie.

38. TOETSINGSPROSES

38.1 Alle lede van ‘n klub sal eenmalig ‘n “declaration of acceptance”onderteken waarby hy homself onderwerp aan SANPO se reëls en regulasies vir die toetsing van verbode middels.

38.2 By nuwe aansoeke moet so ‘n “declaration” aan die lid verduidelik en voorgehou word vir ondertekening alvorens sy aansoek goedgunstig oorweeg kan word.

38.3 Dit is elke klub se verantwoordelikheid om die prosesse vir toetsing van verbode middels in plek te sit en aan lede dienooreenkomstig te verduidelik.

38.4 Wedvlugduiwe word in Suid-Afrika deur SANPO beheer wat bepaal dat geen duif aan wedvlugte mag deelneem indien hy nie aan toetsing vir verbode middels onderwerp kan word nie.

38.5 Toetsings prosedure vir verbode middels en algehele inligting kan op SANPO se webtuiste gekry word op www.SANPO.co.za of aangevra word by die Wedvlug-Sekretaris van die Unie en dit word van tyd tot tyd opgedateer.

38.6 Enige lid wat se duif positief vir verbode middels getoets word, is strafbaar en kan lei tot permanente skorsing uit die sport.

38.7 Hierdie proses is deur SANPO in plek gesit om wedvlugsport in Suid-Afrika op te bou en te bevorder.

39. ALGEMENE BEPALINGS

39.1 Slegs persone wat aanvaar is as lede van die Unie, kan lede van ‘n klub wees en enige person wat ophou om ‘n lid van die Unie te wees sal *ipso facto* ook ophou om ‘n lid van enige Klub waaraan hy behoort het te wees en omgekeer, met die verstande dat enige person wat ‘n lid van ‘n klub is, geag toegelaat te wees as ‘n lid van die Unie en die betrokkene is onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet vanaf die datum waarop hierdie Grondwet in werking tree.

39.2 ‘n Aansoek om lidmaatskap tot die Unie, moet deur die Klub-Bestuur goed- of afgekeur word alvorens die Unie-Bestuurskomitee die aansoek oorweeg.

39.3 Enige lid wat om watter rede ookal ophou om ‘n lid van die Unie te wees, verbeur outomaties alle geldelike eise teen die Unie of enige Klub.

39.4 Indien ‘n lid vir watter rede ookal sy lidmaatskap tot die Unie beëindig, kan ‘n her-aansoek om lidmaatskap tot ‘n klub of Unie eers na die verloop van sewe (7) jaar heroorweeg word. Hierdie reël geld nie indien ‘n lid se lidmaatskap beëindig is omrede hy verhuis en later hervestig binne die grense van die Unie nie of indien die betrokkene deelname aan die sport tydelik gestaak het nie.

39.5 Indien ‘n Klub vir watter rede ookal sy affiliasie tot die Unie beëindig, kan ‘n heraansoek om affiliasie van so ‘n klub (nog dieselfde saamgestel al dan nie) eers na verloop van tien (10) jaar oorweeg word.

39.6 Die Sekretaris van ‘n Klub moet die Unie-Sekretaris onmiddelik en skriftelik in kennis stel indien ‘n lid geskors is of sy lidmaatskap beëindig is of indien sodanige klub aanbeveel dat ‘n lid se Unie-Lidmaatskap opgeskort moet word.

39.7 Dit is die verantwoordelikheid van elke lid om die Unie-Sekretaris van enige verandering van adres in kennis te stel.

39.8 Elke beampte en lid van die Unie is te alle redelike tye geregtig om die rekeningboeke en ander dokumente van die Unie na te gaan en die Unie-Sekretaris, Unie-Wedvlugsekretaris of ander bewaarder daarvan is verplig om die rekords beskikbaar te stel, op sodanige tyd en plek wat redelik is vir beide partye.

39.9 Elke lid van die Unie-Bestuurskomitee, beampte of lid, agent of werknemer van die Unie word uit die fondse vir enige onkostes, eise, uitgawes, verliese gely en verpligtinge deur hom aangegaan in die uitvoering van die Unie se sake of sy pligte in verband daarmee, vergoed.

39.10 Indien daar toevallig versuim word om ‘n lid kennis te gee om ‘n vergadering by te woon, het dit nie die gevolg dat die verrigtinge of vergadering ongeldig is nie.

39.11 Geen klub sal toegelaat word om ‘n wedvlug sonder die toestemming om die Unie-Bestuurskomitee te organiseer nie.

39.12 ‘n Lid mag alleenlik uit meer as een hok meeding indien sodanige hokke nie meer as tien (10) meters van mekaar af geleë is nie.

39.13 ‘n Klub kwalifiseer slegs as ‘n op- en aflaaipunt indien sodanige klub van ten minste tien (10) mandjies gebruik maak per wedvlug dit wil sê twee wedvlugte gesamentlik twinting (20) mandjies gebruik maak. Die Unie-Bestuurskomitee kan egter van hierdie reël afwyk indien dit nie wesenlike finansiële implikasies of andersins vir die Unie inhou nie.

39.14 Die klubs sal toegelaat word om afsonderlik in te korf. Die Unie-Bestuurskomitee kan egter op ‘n gesamentlike inkorwing besluit en dan moet al die mededingende klubs by sodanige plek en tyd, soos bepaal, inkorf.

39.15 Die wedvlug reëls van die Unie sal op alle wedvlugte van toepassing wees. ‘n Klub kan nie sy eie reëls maak indien dit strydig met die van die Unie of SANPO is nie.

39.16 Alle elektroniese klokke moet met die seël van die vervaardiger geseël wees. Met die eerste aand van inkorwing moet die eienaar die model en seëlnommer van sy klok skriftelik aan die klok-komitee oorhandig.

39.17 Indien daar twyfel bestaan oor die betekenis of toepassing van enige bepaling van hierdie Grondwet, sal die uitleg van die Unie-Bestuurskomitee finaal en bindend wees.

39.18.1 ‘n Aansoek om lidmaatskap tot ‘n klub kan slegs oorweeg word indien sodanige aansoek vergesel word van ‘n klaringsertifikaat (indien die aansoeker van klub verander) waarin verklaar word dat die aansoeker geen uitstaande skuld het nie, asook dat geen wangedrag verrigtinge nog hangend teen die aansoeker is nie.

39.18.2 Indien die vereistes van reel 39.18.1 nie nagekom is nie, sal die lidmaatskap ongeldig wees en die betrokke klub sal dan vir die bestaande skuld van die aansoeker verantwoordelik wees en maak sodanige klub hom ook aan wangedrag skuldig.

39.19 Indien ‘n Klub of ‘n klublid geskors word moet die Sekretaris van SANPO en die Sekretaris van die Unie van sodanige skorsing in kennis gestel word.

39.20 Indien ‘n lid van ‘n elektroniese stelsel gebruik maak, moet die etiket met die Unie-Ringbeampte se telefoon nommer daarop (wat deur die Unie voorsien word) aan die elektroniese ring geheg word.

39.21 Indien ‘n lid van ‘n handklok/ rubberringe gebruik maak, moet al die duiwe wat aan wedvlugte deelneem se vlêrkpenne met ‘n ink rubberstempel wat die Unie-Ringbeampte se telefoon nommer bevat (wat deur die Unie voorsien word) gemerk word.

40. ONTBINDING OF SAMESMELTING

40.1 Die Unie mag ontbind of met ‘n ander organisasie, wat soortgelyke doelstellings en oogmerke het, saamsmelt (saamwerk). In beide gevalle kan ‘n besluit i.v.m ontbinding of samesmelting slegs geneem word indien daar op ‘n behoorlike saamgestelde vergadering van die Unie-Bestuur (wat spesiaal vir daardie doel belê is) ‘n 75% meerderheid verkry word van die lede teenwoordig.

40.2 By samesmelting moet ‘n besluit omtrent die bates (vaste en roerende) van die Unie geneem word op dieselfde wyse soos bepaal in reël 40.1.

40.3 By ontbinding word die bates van die Unie deur ‘n likwidateur, wat deur die Unie-Bestuur aangestel is of deur die Hof, soos die geval mag wees, verkoop. ‘n Besluit omtrent die opbrengs sal oor besluit word op dieselfde wyse soos bepaal in reël 40.1.

40.4 By ontbinding van die Unie sal daar geen verdere verpligting op enige lid of klub rus nie behalwe ten opsigte van enige gelde nog aan die Unie verskuldig.

Die bepalings van hierdie Grondwet is van krag vanaf die 1ste dag van Maart 2013